# Koedoe-oortjies

Posbus 19
Middelburg
1050
H.V. SADC Straat en Lilion Ngoyi
Tel no: 013 – 282 5072
Faks no: 013 – 282 5072
Selfoon: 060 876 8299
E-pos: oortjies@laerskoolmiddelburg.co.za
Webadres: www.laerskoolmiddelburg.co.za

Bankbesonderhede:
KOEDOE-OORTJIES
FNB Tjek rekening
Nr. 623 810 21428
Takkode 270150
Kleuter se naam as verwysing

# Leer deur spel!

## WELKOM by KOEDOE-OORTJIES! 2016

KOEDOE-OORTJIES is vanaf Januarie 2013 deel van LAERSKOOL MIDDELBURG.

Om 'n hoë standaard van onderrig en bestuur van die skooltjie te handhaaf, word daar gereeld kontrole, deur aangewese opvoeders van LAERSKOOL MIDDELBURG, gehou.

Dis met trots dat ons kan sê, dat ons op die volle steun van die hoof van LAERSKOOL MIDDELBURG, asook die Beheerliggaam, kan staatmaak.

Die personeel van KOEDOE-OORTJIES is 'n toegewyde span, wat glo dat die optimale ontwikkeling van 'n kind hul spesialiseringsgebied is.
Daar sal op gereelde basis indiensopleiding plaasvind, asook opskerping van noodhulp en KPR.

Vir LAERSKOOL MIDDELBURG PREPRIMêR is dit baie belangrik om ingesluit by die skoolfonds, aan elke kind, sover moontlik, 'n billike en regverdige geleentheid te bied om optimaal op al die vlakke te ontwikkel, sonder ekstra kostes aan die Ouer!
Alle moontlike sorg sal geneem word, om die veiligheid van u kind te verseker.
Nog die onderwyser, nog die Beheerliggaam, kan verantwoordelik gehou word, vir enige ongelukke wat mag voortkom.

***"Vandag se kleuters, môre se leiers!"***

## VISIE

KOEDOEKOPPE het ‘n visie vir u kind. Ons loop van kleinsaf die pad saam, na die KOEDOEKAMP!

‘n Goeie grondslag is van kardinale belang. Daar word reeds van twee jarige ouderdom, intensief belê in ons klein KOEDOEKOPPIES in wording.

Ons visie is, om elke kind veilig en geliefd te laat voel en om hom/haar in ‘n aangename, stimulerende en ondersteunende leeromgewing, die geleentheid te bied, om tot sy/haar volle potensiaal te ontwikkel.

***“Saam is ons ‘n span, tot voordeel van u kind!”***

## MISSIE

Ons streef daarna, om ons leerders ‘n holistiese opvoeding te gee, wat hul sal aanmoedig om:

- vir hulle self te dink en doen
- om hul unieke talente te ontdek
- om waardevolle lewensvaardighede aan te leer
- om deur middel van ‘n gesonde selfbeeld ‘n positiewe, gebalanseerde lewensuitkyk te hê.

## TAAL

Die onderrigmedium is AFRIKAANS.
KOEDOE-OORTJIES funksioneer volgens Christelike waardes.

## SKOOLREëLS

Die skoolreëls is onderworpe aan wysigings wat die besluit van die Beheerliggaam mag wees. Dit sal dienooreenkomstig met u gekommunikeer word.

**1. Kantoorure: 07:00 - 13:45**

**2. Skoolure:**

**<u>Aankoms</u>: 06:45 - 08:00**

**Hek sal nie voor die tyd oopgemaak word nie, aangesien die personeel eers die alarm moet aktiveer, deure oopsluit, ens.**

**<u>Kleuters wat voor 06:45 inkom, is nie onder toesig nie.</u>**

**<u>Vertrektyd halfdagkleuters:</u> 12:15 - 13:15**

**Naskoolfooie sal gehef word indien ‘n halfdagkleuter, sonder rede <u>laat</u> afgehaal word.**

**<u>Vertrektyd voldagkleuters:</u>** **17:15 (stiptelik)**
**'n Boete van R30 per kwartier, sal gehef word, indien u laat is.**

**Dagprogram:** **08:00 - 12:15 (hou asb streng hierby)**

**Naskool:** **12:15 - 17:15**

**Vakansietye:** **06:45 - 17:15**
**(Publieke vakansiedae uitgesluit)**
**Slegs vir kleuters van ouers wat voltyds werk.**

- Kleuters word persoonlik deur die klasonderwyseres in haar klas ontvang vanaf 06:45 tot 08:00.
- Ouers mag nie die kleuters by die voordeur afsien nie, maar moet hul vergesel tot by hul klaskamers.
- Kinders word nie toegelaat om self die voorhek oop en toe te maak nie. Elke ouer moet toesien dat die veiligheidshek gesluit is, nadat u daardeur beweeg het.
- Neem spoedig, maar op 'n rustige wyse afskeid van u kleuter en gee aan u kind die nodige versekering oor wie hom/haar kom haal.
- Geen kleuter wat laat kom, sal tussen 08:00 en 8:15 in die klasse toegelaat word nie. Indien u kleuter laat is, sal hy/sy by die ontvangsarea bly, totdat die onderwyseres klaar is met haar eerste kring.
- Groot buitehekke word soggens om 8:15 gesluit en om 11:45 oop gesluit.
- Die kantoorhek sal nie voor 12:15 oopgemaak word nie, ***aangesien dit dan <u>storietyd</u> is, wat 'n <u>baie belangrike deel uitmaak van die leerplan.</u>***
- Indien u toestemming by die skoolhoof verkry het om u kleuter vroeër te kom afhaal, ***moet dit voor 12:00 geskied.***
- Kleuters raak baie ontsteld as almal vertrek het en hy/sy moet alleen agterbly. Kom haal asseblief u kleuter betyds.
- In geval van 'n doktersafspraak of iets dergeliks, gedurende skooltye, moet daar vooraf met die klasonderwyseres of sekretaresse gereël word.
  In so geval moet u u kleuter by die kantoor uitteken.
  **Volgdagkleuters moet deur ouers uitgeteken word, wanneer hul in die middag afgehaal word.**

***Die formele dagprogram begin stiptelik om 8:00. Wees asseblief betyds!***

***Kleuters sal onder GEEN omstandighede ALLEEN na motors gestuur word nie.*** Die verantwoordelike persoon moet hul persoonlik kom afhaal by die klassies.
***Die Kleuterskool is nie verantwoordelik vir u kind se veiligheid, nadat hy/sy afgehaal is, en deur die veiligheidshek beweeg het nie.***

Indien iemand anders die kleuter kom afhaal, moet DIE OUER asseblief VOORAF met die klasonderwyseres reël, by wyse van 'n briefie of oproep na die kantoor.

***Maak asseblief seker dat die HEK agter u TOEGETREK en OP KNIP is.***
***DIT VERSEKER U KIND SE VEILIGHEID!***

***Enige persoon wat 'n versperring voor die hek plaas, om dit oop te hou, om later net vinnig uit te gaan, sal swaar beboet word. Dis uiters gevaarlik, aangesien daar baie motors in die ryvlak beweeg, en kinders blootstel aan onnodige gevaar.***

***BAIE BELANGRIK: 'n Spoedbeperking van 5km per uur moet gehandhaaf word , waar kleuters op- en afgelaai word.***

**3. Kleuters van twee tot vyf jaar, wie se ouers toestem tot vereenselwiging met:**
**die reëls,**
**gesag**
**dissipline van die skool**
**voertaal, Afrikaans;**
**Christelike godsdiens**
**Afrikaanse kultuur,**
**kwalifiseer vir toelating tot die program van preprimêre onderwys by KOEDOE-OORTJIES.**

**4. Kleuters mag nie sonder gemagtigde uitstel van die skool, die kleuterskool besoek, gedurende die jaar waarin hul 6 word nie.**

**5. Kleuters sal nie toegelaat word om gedurende die jaar, na 'n volgende groep te skuif, a.g.v. intellektuele vermoëns nie.**

**6. Peuters moet reeds twee jaar oud wees, met inskrywing, Juniors drie jaar, Seniors vier jaar.**

**7. Mediese geskiktheid word vereis. 'n Mediese verslag mag, waar nodig, aangevra word deur die bestuur van die skool.**
**Immuniseringskaarte moet op datum wees en getoon word met inskrywing.**

**'n MEDIKASIEBOEK WORD IN DIE KANTOOR AANGEHOU. U AS OUER MOET SELF DIE MEDIKASIE WAT U KIND MOET KRY, IN DIE BOEK AANTEKEN. MEDIKASIE WORD ONDER TOESIG VAN 'N ONDERWYSERES OF SEKRETARESSE AAN U KIND TOEGEDIEN. Vloeibare medikasie moet asb in 'n spuit opgetrek wees en in 'n gemerkte Zip-lock sakkie verseël wees.**
**BAIE BELANGRIK: GEEN MEDIKASIE WORD IN TASSE TOEGELAAT NIE.**
**Kinders met ALLERGIESE toestande, moet 'n doktersbrief bring, ter stawing van die allergie, asook kosse wat nie toelaatbaar is nie.**
**In so 'n geval, mag hul toelaatbare eetgoed van die huis af bring.**

**Afwesighede en aansteeklike siektes:**
**Skool moet onmiddellik in kennis gestel word van aansteeklike siektes.**

**Wanneer 'n kleuter by die skool siek word, sal die onderwyseres of sekretaresse die ouer skakel.**
**Gee asb gehoor aan hierdie oproep, aangesien ons slegs sal skakel indien ons voel dat die kleuter intensiewe mediese aandag benodig.**

**-Ouer moet asseblief die kantoor, nie later as 08:30 skakel nie, indien u weet u kleuter gaan afwesig wees (vakansie, siekte ens.)**
**-Laat weet asb vroegtydig u kind se onderwyseres, indien u met vakansie gaan.**
**-Geen kleuter sal by die skool toegelaat word, (soos bepaal deur die Gesondheidswet) onder die volgende omstandigehede nie:**
**Koors, uitslag, seer keel, kindersiekte, oog- of maaginfeksie/diaree, naarheid, aansteeklike sere en kopluise.**

**AANSTEEKLIKE SIEKTES:**
**'n Kleuter met aansteeklike siektes *moet by die huis gehou word, totdat die kleuter ten volle herstel het. 'n Doktersbrief moet getoon word, wanneer die kleuter die volgende siektes het.***

| | |
|---|---|
| **Kinkhoes** | **-vandag begin hoes vir ongeveer een maand** |
| **Masels** | **-tot vyf dae na uitslag verdwyn het** |
| **Pampoentjies** | **-tot drie dae na swelling gesak het** |
| **Duitse masels** | **-tot vier dae na uitslag verdwyn het** |
| **Waterpokkies** | **-totdat die rofies uitgedroog het** |
| **Witseerkeel** | **-tot heeltemal genees** |
| **Skarlakenkoors** | **-tot heeltemal genees** |
| **Tetanus (klem-in-die-kaak)** | **-hoogs aansteeklik: tot heeltemal genees** |
| **Diaree** | **-tot heeltemal genees** |
| **Gordelroos/omlope, ringwurm** | **-tot heeltemal genees** |

***Duitse masels* is baie gevaarlik gedurende die eerste vier maande van swangerskap. Ons sal u onmiddellik in kennis stel sodra daar 'n uitbreek hiervan in die skool is, sodat swanger mammas volgens hul eie goeddunke kan handel.**

***Kopluise is ook hoogs oordraagbaar.*** **'n Kleuter met kopluise se ouers moet onmiddellik versoek word om hom/haar uit te haal.**
**Kleuter kan die volgende dag weer skool toe kom, mits die hare deeglik behandel is en alle nete uitgekam is.**

**MEDIKASIE**

- 'n Medikasieboek word vir die doel in die kantoor gehou.
- **U as ouer** moet self die medikasie, wat u kind moet kry, in die medikasieboek aanteken.
- Medikasie sal onder toesig van 'n onderwyseres en sekretaresse aan u kind toegedien word, en nie in die teenwoordigheid van ander kinders nie.
- Geen medikasie sal in tasse toegelaat word nie.
- Onthou om die medikasie smiddae huis toe te neem. Dis u verantwoordelikheid. 'n Personeellid gaan nie vir u kom oopsluit indien u dit vergeet het nie.
- Die onderwyseres moet in kennis gestel word, van enige omstandighede, of medikasie wat tuis gegee word, wat die kind se gedrag mag beïnvloed.

**8. Hierdie skool kan nie spesiale sorg verleen aan 'n fisiese of intellektueel gestremde kind, indien die aandag wat hulle sou verg, inbreuk maak op die ander kinders se aandag nie.**

**9. Toelating tot die skool kan slegs geskied, indien die skool nog nie maksimum kleuters het nie. Die kleuter sal dan op 'n waglys geplaas word.**

**10. Alle nuwe aansoeke is onderhewig aan 'n maand proeftydperk.**

**11. Die skoolgemeenskap funksioneer binne skoolverband, streng buite die politieke arena.**
**Dit word van ouers verwag om hierdie standpunt deurgaans te eerbiedig.**

**12. Ouers het die verantwoordelikheid om hulle kleuters na die beste van hul vermoë te help en te ondersteun om die opvoedingsgeleenthede wat die skool bied, so goed moontlik te ondersteun.**

**13. Onderwyseresse is slegs verantwoordelik vir kleuters gedurende skoolure.**

**14. Personeel sal aan die einde van die jaar, self die indelings van kleuters, vir die volgende jaar se klasse, behartig. Voorkeure van ouers om hul kleuters by spesifieke onderwyseresse te plaas, sal nie toegelaat word nie. Personeel sal hierdie indelings so regverdig en gebalanseerd moontlik hanteer, Dit sal gekontroleer word deur die Departementshoof Grondslagfase.**

**15. Skooltye, vakansie- en openbare vakansiedae, is onderhewig aan die tye van die Departement van Onderwys se tye.**

16. **Betaling van skoolfooie is verpligtend en word jaarliks deur die Beheerliggaam van LAERSKOOL MIDDELBURG vasgestel. Alle skoolfooie moet vooruitbetaal word, teen die eerste van elke maand. Skoolfonds is betaalbaar vir elf maande.**
**Eerste paaiement, EERSTE DAG VAN JANUARIE**
**Laaste paaiement EERSTE DAG VAN NOVEMBER**

**Skoolfooie sluit in registrasiefooie, skoolfonds en naskoolfondse, (lg indien van toepassing)**
**DIT IS U AS OUER SE VERANTWOORDELIKHEID OM ALLE BEWYSE VAN BETALING TE HOU. DRING AAN OP 'N KWITANSIE MET INBETALING VAN GELDE.**

17. **Skool is oop gedurende die April- Julie- en Oktobervakansies VIR WERKENDE OUERS van voldagkleuters . By voldagfooie ingesluit.**

18. **Ingeskrewe kleuters van KOEDOE-OORTJIES, moet jaarliks herregistreer vir die volgende jaar. Registrasiegelde kan eenmalig betaal word teen einde Augustus van die huidige jaar, vir die volgende jaar. Alle registrasiegelde moet betaal wees teen begin Januarie van die nuwe skooljaar.**

19. **Registrasiegelde is nie terugbetaalbaar nie.**

20. **Vir beplanningsdoeleindes, moet u EEN MAAND vooraf kennis gee, wanneer u beplan om u kleuter uit KOEDOE-OORTJIES te neem. Elke geval sal volgens meriete hanteer word.**

21. **Nuwe aansoeke, van nie-ingeskrewe kleuters by KOEDOE-OORTJIES, se registrasiegeld moet die aansoek vergesel, om u kleuter se plek te verseker.**

22. **Stel die skool dadelik in kennis in geval van verandering van adres of telefoonnommers. Verwittig ook u kind se klasjuffrou van die veranderinge. DIS IN U KIND SE BELANG.**

23. **Geen voedselpakkies, lekkers, koeldrank of melk, BEHALWE WATER van die huis af, sal toegelaat word nie. Kleuters kry om 10:00 versnaperinge en drinkgoed. Allergieë: Ouer pak self kosblik en geen aan klasonderwyseres, mediese bewys van allergie 'n vereiste**

**WATERBOTTELS MOET DUIDELIK GEMERK WEES**
**Enige waterbottel word aanvaar, mits dit 'n toedrukprop het, (Bv Energade bottel) en nie net 'n afskroefprop nie.**
**Waterbottels word soggens in die "waterbottelhouer" geplaas en dit word weer smiddae saam huis toe gestuur.**
**Daar is GESUIWERDE water by die skool vir hervul van bottels.**

24. **MIDDAGETES word ook aan HALFDAGKLEUTERS verskaf, teen 'n bedrag.**
**Etes moet maandeliks vooruit, skriftelik bestel en betaal word, by die sekretaresse. Etes sal nie oorgedra word nie. Indien u kleuter nie meer middagete gaan eet nie, moet u TWEE WEKE VOORAF, SKRIFTELIK KANSELLEER.**

**25. Die skool verwag van u, om u kind gereeld skool toe te stuur. In geval van afwesigheid, verwittig asb dadelik die skoolkantoor voor 8:30.**

**AFWESIGHEID TYDENS ASSESSERING:**
**KLEUTERS WAT AFWESIG IS, WANNEER ASSESSERING VIR RAPPORTE GEDOEN WORD,**
**SAL 'N AFWESIGHEIDSMERKIE OP DIE RAPPORT ONTVANG, TEENOOR DIE ASSESSERING WAARTYDENS DIE KLEUTER AFWESIG WAS.**

**26. Die skool verwag van u om alle kostes, wat a.g.v. verlies of skade deur u kind aangerig, aan skooleiendom of boeke, te betaal.**

**27. KLEREDRAG EN ANDER:**
**VERPLIGTEND:**
**Maroen golfhempie met skoollogo, kakiehoed met bokspoortjies en swart broekie word Vrydae en met spesiale geleenthede, soos instappies, ens gedra.**

**Maroen golfhempie MAG ook vanaf Maandae tot Donderdae gedra word, met enige kleur broekie daarby. Dis egter u keuse.**

**DOGTERTJIES MOET ASB 'N SPANBROEKIE ("SKI-PANT") OF KORTBROEKIE ONDER HUL ROKKIES AANTREK.**

**KLEUTERS MOET ONDERBROEKIES EN BROEKIES ("PANTIES") ONDER HUL KLERE DRA.**

**GEEN SPEELGOED OF JUWELE WORD TOEGELAAT NIE.**
**Verkieslik GEEN "Spiderman/Ben 10 of ander fantasieklere word toegelaat nie. Klere met negatiewe of afbrekende slagspreuke, is ook nie toelaatbaar nie. Vergewis u asb van die REGTE skoene. Fantasie polvytjies, pantoffels ens is nie toelaatbaar nie. U kind se voete groei nog.**

**KAALVOET of skoene wat die voetjies ondersteun, word aanbeveel.**

**Kleuters mag *GEEN speelgoed, juwele, horlosies, selfone of tablette* skool toe bring nie (plakkers, boeke, penne, inkleurboek en balle is ook speelgoed). Ons vra ook dat die dogtertjies asb nie krale, armbande, krone, vlerkies en hoëhakskoene sal dra nie.**
**Hulle aandag word daardeur afgelei en dit word dikwels gebruik as "afpersmiddel" teenoor maatjies. Seëlringetjies word op eie risiko gedra.**

**Dit gebeur soms dat kleuters van die skool se speelgoed, legkaartstukkies (die skoollegkaartstukkies is elkeen agterop gemerk) en ander artikels huis toe neem. Moenie ontsteld raak nie, bring dit net die volgende dag terug asb.**

**28.** **U kleuter moet elke dag 'n gemerkte tas saambring, met ten minste een ekstra Stel klere.**

**29.** **Peuters moet drie ekstra stelletjies klere saambring, asook gegeurde plastieksakkies (glipsies kom voor)**

**30.** **Hare en naels:**
**Seuntjies se hare moet kort en netjies wees.**
**Dogtertjies se hare moet uit hul ogies wees. Lang hare moet vasgemaak wees.**
**Naels moet te alle tye, kort geknip wees.**

**31.** **NASKOOL:**
**Voorsien asb u kleuter van 'n kombersie vir rustye.**
**Kombersies word huis toe gestuur om te laat was en moet Maandag terugbesog word aan die skool.**

**32.** **Alle klere en besittings moet duidelik gemerk wees.**

**33.** **U is welkom om eetgoed te stuur, wanneer u kind verjaar. Bespreek vooraf met die juffrou.**

**34.** **'n Aanpassingsverslag word aan die einde van die eerste kwartaal uitgegee.**
**Rapporte word aan die einde van die tweede en vierde kwartaal uitgegee.**

**Geen kleuters word saam met ouers toegelaat wanneer rapportbesprekings gedoen word nie.**

**35.** **Nuusbriewe word gereeld uitgegee.**

**36.** **U gee toestemming dat die skoolhoof of afgevaardigde in *loco parentis* mag optree, t.o.v. 'n besering of ongeluk waarby u kleuter betrokke mag wees en onmiddellike optrede belangrik is.**
**Ouers word dadelik gekontak. Maak seker dat die skool genoeg kontaknommers het, indien u moontlik nie dadelik bereik kan word nie.**

**37.** **Kleuters mag geen besoek ontvang gedurende skoolure en versorgingstye nie, dit die kind mag ontstel en die personeel steur in die uitvoer van hul pligte.**
**Geen ouer/jonger boeties, sussies, nefies, niggies of vriende word by die Kleuterskool toegelaat om te kom "kuier" nie.**

**38.** **'N VRYWARINGSVORM OM TOESTEMMING VAN U AS OUER TE VERKRY, OM DIE SKOOLTERREIN MET DIE KLEUTERS TE VERLAAT, MOET GETEKEN WORD.**
**(Konsertoefening by die Laerskoolsaal. Kleuers word deur gemagtigde persone met die bussies van Laerskool Middelburg vervoer daarheen.**

**Paasdiensbywoning. Kleuters beweeg te voet na die Hervormde Kerk, oorkant die skool, met begeleiding van al die personeel.**

**Seniorkleuters besoek bejaardes aan die einde van die jaar. Kleuters word deur gemagtigde persone met die bussies van Laerskool Middelburg daarheen vervoer.**

**40. Die volgende oortredings deur kleuters/ouers word beskou as onaanvaarbaar en mag lei tot dissiplinêre stappe:**

a. **Krtaal en/of enige vorm van fisiese geweld**
b. **Ydele gebruik van die naam van die Here**
c. **Opsetlike beskadiging van skooleiendom**
d. **Verwerping van gesag van Hoof of onderwyseresse**
e. **Enige ander oortreding wat orde en dissipline versteur, of wat teenstrydig is met die aanvaarbare norme en wat na die oordeel van die skoolhoof streng optrede verg.**
f. **Onprofessionele gedrag en krutaal van ouers teenoor personeel, sal deur die Beheerliggaam hanteer word.**
g. **Sou 'n kleuter of ouer hom skuldig maak aan enige van die bogenoemde, sal dit opgeteken word in 'n sentrale register. 'n Formele waarskuwing sal uitgereik word.**
h. **Sou die kleuter of ouer hom op drie geleenthede skuldig maak aan dieselfde oortreding en die ouer of kleuter, het reeds drie waarskuwings vir dieselfde oortreding ontvang, sal die ouer per brief in kennis gestel word van die probleem.**
i. **Sou dieselfde probleem weer voorkom, sal die ouers van die kleuter, of die ouer, na die skool ontbied word. Die Skoolhoof van KOEDOE-OORTJIES, sowel as die Skoolhoof van LAERSKOOL MIDDELBURG en die voorsitter van die Beheerliggaam sal dan die probleem met die ouer bespreek.**
j. **Indien die probleem of optrede van die kleuter of ouer, ten spyte van die bogenoemde stappe, steeds voorkom, sal die Beheerliggaam van die skool, die reg voorbehou, om die kleuter of die ouer te verbied, om die skool verder by te woon of te betree.**
   **Al bogenoemde stappe sal te alle tye geneem word, in die beste belang van die kleuter of ouer betokke, asook die belange van die res van die kinders van die skool.**

**LEERPLAN**

Gebaseer op die ***NASIONALE KURRIKULUM VERKLARING***.
Die **SAOU** (Suid Afrikaanse Onderwysersunie) se ***Handleiding, September 2011, vir Onderwys aan 3 tot 6 jariges*** word gevolg.

Die handleiding is saamgestel deur lede van die ***BPPS (Belangegroep Preprimêre Skole***)
Bygewerk vir 2 jariges tot 6 jariges, aanvullend word ook die ***LITTLE 1, LEER MET LUS*** gebruik.

'n **Gestruktureerde, maar informele** dagprogram word gevolg. ***Speel*** is deurgaans belangrik!
Die inhoud bevat leermateriaal op alle vlakke van ontwikkeling naamlik:

- Sosiale-, emosionele-, fisiese-, intellektuele-, geestelike- en taalvlakke.
- Ontwikkeling van lewensvaardighede in kinders, deur die skep van geleenthede, om te ontdek en te manipuleer.

**Die DAGPROGRAM sluit in breë trekke die volgende in:**

- Begin elke dag met Bybellees, gebed en gewyde sang.
- Weeklikse temas om algemene kennis en taalvaardighede aan te leer.
- Die leer van liedjies en gediggies.
- Wiskunde- en wetenskapintegrering op alle vlakke.
- Bak-en-brou en tuinmaak (higïenies met voedsel te werk, asook wiskunde- en wetenskapintegrering)
- Blootstelling aan Engels (baie eenvoudig)
- Spandeer daagliks tyd aan kreatiwiteit, perseptuele vaardighede, sosiale, emosionele, asook fisiese (beweging volgens uitgewerkte rooster, binne sowel as buite met vryspel) ontwikkelingspele, musiek, storietyd/poppekas (redenering en begrip, asook identifisering)
- Bykomende musieklessies in skooltye deur 'n musiekkundige, vir die algemene ontwikkeling en stimulasie deur musiek (ingesluit by skoolfonds)
- Bykomende bewegingslessies in skooltye deur 'n MBK onderwyseres, wat ook uitvalle kan uitwys
- Instappies (opvoedkundige instansies kom na die skool toe), konsert en ander sosiale interaksie (ouers, ander skole, ens)
- Toilet- en opruimroetine deurlopend deur die dag.

**MIDDAGSORG sluit die volgende in:**

- Etenstyd, toiletroetine, rustyd, vryspel en verversingstyd.
  Kleuters MOET na etenstyd rus. Ons verwag nie van die kleuters om gedurende hierdie tyd te slaap nie, maar hulle moet rustig op hul matrassies lê.

## BUITE KURRIKULêRE AKTIWITEITE

KOEDOE-OORTJIES beskik oor toegewyde en goed opgeleide personeel, asook gekwalifiseerde leerkragte, wat 'n besondere bydrae lewer tot die voorskoolse ontwikkeling van u kleuter.
***Buite kurrikulêre aktiwiteite word nie by die skool aangebied nie, omdat die leerplan voldoende stimulasie en versterking bied, wat by die skoolfonds <u>ingesluit</u> is.***
***Bykomend by die leerplan, word ekstra bewegingslesse asook musieklesse, deur gekwalifiseerde bio-kinetikusse, asook 'n musiekonderwyseres aangebied.***

Swem word wel aangebied, maar nie op die skoolterrein nie ***en is nie ingesluit by die skoolfonds nie.***
Reëlings moet self met die swemafrigter getref word. Hierdie reëlings mag nie teenstrydig wees met skool nie.
***Daar moet streng gehou word by die swemtye, soos bepaal deur die Bestuur van LAERSKOOL MIDDELBURG PREPRIMêR KOEDOE-OORTJIES.***

## TOELATINGSBELEID

**PEUTERKLAS**
2 - 3 Jaar Moet reeds twee jaar oud wees met inskrywing en drie word dieselfde jaar. Moet reeds selfstandig die toilet kan gebruik en nie meer 'n doek dra nie, mag wel met 'n "pull up" doek kom. (Hulle word meer gereeld toilet toe geneem as die ouer kleuters en daar word nog gehelp met die afvee proses).
Geen bottels of fopspene word toegelaat nie.

Neem asb in ag dat ons dagprogram nie voorsiening maak vir intensiewe toiletonderrig, soos by 'n dagmoeder nie.
Die program is ontwikkel om onafhanklikheid by peuters aan te moedig, asook om die unieke en individuele behoeftes van elke Peuter op al die verskillende vlakke van ontwikkeling te bevredig. Intensiewe toiletonderrig, strem die ritme van ons dagprogram.

Ons sal wel ouers tegemoetkom met peuters wat reeds in die finale proses is van selfstandige toiletgebruik. Hierdie peutertjies moet teen die einde van die eerste termyn heeltemal van die doek af wees. Daar sal verseker gehelp word met die afvee proses, maar die peutertjie moet al kan sê, as die behoefte daar is.
Indien hul nie aan die einde van die eerste termyn aan bogenoemde voldoen nie, sal hul nie die tweede termyn toegelaat word, alvorens dit die geval is nie. Hul sal nie hul plek verbeur nie, maar skoolgeld sal betaal moet word, al is hul nie by die skool nie.

Troetelkombersies of ander troostertjies mag vir eers nog saamgestuur word.

Die program is so aangepas om onafhanklikheid by peuters aan te moedig, asook om die unieke en individuele behoeftes van elke peuter te bevredig.

**JUNIORKLEUTERKLAS**
3 - 4 Jaar
Moet reeds drie jaar oud wees met inskrywing en dieselfde jaar vier word.
Moet reeds die toilet selfstandig kan gebruik, (hulself kan afvee). Geen bottels of fopspene nie.
Hierdie groepie moet die nuwe opwindende avontuur wat hul daagliks by die skool ondervind, geniet.
Hul is van nature nuuskierig en floreer in 'n omgewing waar hul blootgestel word aan ouderdomsverwante speelgoed, boeke en ontdekkings.

**SENIORKLEUTERKLAS**
4 – 5 Jaar
Moet reeds vier jaar oud wees met inskrywing en dieselfde jaar vyf word. Selfstandige toiletgebruik (self afvee).
Geen bottels of fopspene nie.
Die seniorkleuterklas word blootgestel aan 'n verskeidenheid van aktiwiteite om nuuskierige jong breintjies te stimuleer.
Die program is aanpasbaar, om sodoende te bou aan daardie "leeroomblik", wat deur die loop van die dag opduik.
Die werkstempo word so aangepas, om te voldoen aan die behoefte van elke jong, individuele leerder.

***Kleuters mag die Preprimêre Skool bywoon tot aan die einde van die jaar waarin hulle vyf word.***

**AANKOMS- EN VERTREKTYE**

**KOEDOE-OORTJIES *handhaaf dieselfde departementele skoolkwartale as LAERSKOOL MIDDELBURG.***

Vakansietoesig vir naskoolkinders: Gedurende April-, Julie-, en Oktobervakansies.
Januarie en Desember handhaaf KOEDOE-OORTJIES dieselfde tye as LAERSKOOL MIDDELBURG.
Naskooltoesig gedurende vakansies, slegs vir werkende ouers van KOEDOE-OORTJIES kleuters.

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS:**

Halfdagkleuters moet teen 13:15 afgehaal wees.

- Skool en naskool is gedurende publieke vakansiedae gesluit.
- L.W. Indien Kleuterskoolure oorskry word, is 'n boete van R30 per kind per kwartier DADELIK betaalbaar, aan die diensdoenende personeellid.

Voldagkleuters slaap vanaf 13:15 tot 14:30. Gebruik die hek by die kantoor.

- Vanaf 14:45 tot 16:30, word die hek by die kantoor gesluit, dan moet u die hek by die speelterrein gebruik. Ook van toepassing op aanbieders van die swem.
- Vanaf 16:30 kan u weer die kantoorhek gebruik.
- In geval van reën of koue, gebruik asb die kantoorhek.

Let asseblief daarop, dat kleuters tot BY die klaskamers gebring moet word en weer BY die klassies afgehaal moet word.

***Die formele dagprogram begin stiptelik om 8:00. Wees asseblief betyds!***

***Kleuters sal onder GEEN omstandighede ALLEEN na motors gestuur word nie.*** Die verantwoordelike persoon moet hul persoonlik kom afhaal by die klassies.
***Die Kleuterskool is nie verantwoordelik vir u kind se veiligheid, nadat hy/sy afgehaal is, en deur die veiligheidshek beweeg het nie.***

Indien iemand anders die kleuter kom afhaal, moet DIE OUER asseblief VOORAF met die klasonderwyseres reël, by wyse van 'n briefie of oproep na die kantoor.

***Maak asseblief seker dat die HEK agter u TOEGETREK en OP KNIP is.***
***DIT VERSEKER U KIND SE VEILIGHEID!***

***Enige persoon wat 'n versperring voor die hek plaas, om dit oop te hou, om later net vinnig uit te gaan, sal swaar beboet word. Dis uiters gevaarlik, aangesien daar baie motors in die ryvlak beweeg, en kinders blootstel aan onnodige gevaar.***

***BAIE BELANGRIK: 'n Spoedbeperking van 5km per uur moet gehandhaaf word , waar kleuters op- en afgelaai word.***

**SKOOLFOOIE VIR 2016**

KOEDOE-OORTJIES funksioneer as 'n onafhanklike skool, wat beteken dat ons self vir alle uitgawes en salarisse verantwoordelik is. Derhalwe is dit baie belangrik dat elke kleuter sy/haar skoolfooie moet betaal.
Dit bly steeds die ouer se plig om skoolgelde, sowel as registrasiefooie ens., stiptelik te betaal.
Tref ***dadelik*** met ons reëlings, indien probleme met betaling ondervind word.

***SKOOLFONDS SLUIT IN:***

- ***Kunsbenodigdhede***
- ***Opvoedkundige materiaal***
- ***Verversings en drinkgoed***
- ***Dra-sak vir nuusboek ens.***
- ***Instappies - 4 per jaar***
- ***Huur van konsertklere***
- ***Kerspartytjie***
- ***Beweging, aangebied deur MBK onderwyseres***
- ***Musiek, aangebied deur musiekonderwyseres***
- ***Bak-en-Brou***
- ***Siftingstoetse deur Oudioloog***

- Skoolfooie moet asb voor die eerste van elke maand afgehandel wees.
- Betaling kan soos volg by die kantoor geskied:
    - Kontant,/tjek/internet
- Fooie is oor elf maande vooruitbetaalbaar, met eerste paaiement betaalbaar die eerste Januarie wanneer die skool begin en laaste paaiement, die eerste November.
- Dagbesoekersfooie: (UITSONDERINGS: vooraf toestemming en keuring van toepassing)
    - R50 vir halfdag (sonder middagete. Lg R10 ekstra)
    - R85 vir voldag
- Laat inskrywings (later in die jaar) sal 'n aangepaste registrasiefooi betaal.
- Daar sal geen terugbetalings vir afwesighede, skoolvakansies of van watter aard ookal wees nie.

**HALFDAG:**

- R700: Skoolregistrasiefooi (eenmalig in Januarie betaalbaar)
- R1650 (2-3) Skoolfonds maandeliks vooruitbetaalbaar teen die eerste van elke maand.
- R1540 (3-5)

Halfdagfooie betaalbaar vir elf maande. Eerste Januarie, eerste paaiement.

**VOLDAG:**

- R700: Skoolregistrasiefooi (eenmalig in Januarie betaalbaar)
- R1980 (2-3) Skoolfonds maandeliks betaalbaar, teen die eerste van elke maand.
- R1870 (3-5)

Voldagfooie betaalbaar vir elf maande. Eerste Januarie, eerste paaiement.
Voldagfooie dek naskool IN skooltye ASOOK toesig met vakansietye. Geen naskool tydens publieke vakansiedae

***Naskool slegs vir KOEDOE-OORTJIES kleuters. Vakansietye slegs naskooltoesig vir kleuters van werkende ouers.***

**FONDSINSAMELINGSPROJEKTE**

Word in nuusbriewe deur die jaar, deurgegee.

**KONTANTBEGROTINGS VIR DIE JAAR**

Begroot asb ekstra vir die volgende

| | |
|---|---|
| Kokkedoortjie: | **Vooruitbetaalbaar: R50 per Kwartaal of R200 per jaar.** |
| Foto's: | Opsioneel |
| Konserttoegang: | R60 betaal per sitplek |
| DVD: | Oorsigtelike DVD van gebeure deur die jaar |
| Kruidenierslys: | Sal aan die begin van elke kwartaal aangedui word. (Sluit in toiletpapier, sneesdoekies, wet-wipes) |

***MIDDAGETES AAN HALFDAGKINDERS***
***(Voldagkleuters se middagete is ingeluit by die voldagfooi).***

Heerlike, gebalanseerde middagetes @ R12 per ete, vir halfdagkleuters is beskikbaar.
Hierdie etes ***MOET MAANDELIKS VOORUIT, SKRIFTELIK BESTEL EN BETAAL WORD. BY DIE SEKRETARESSE.***
Indien U kleuter nie meer die middagete by die skool gaan eet nie, moet u ***SKRIFTELIK KANSELLEER, ANDERS MOET DIE ETES BETAAL WORD.***

**ETES**

Begin asb **tuis** met 'n goeie ontbyt. 'n Lustelose, prikkelbare kind kan nie die skoolprogram geniet of dit na wense benut nie.

- **Geen kospakkies** word deur die ouer skool toe gestuur nie, aangesien die skool daarvoor voorsiening maak.
- Verversings word om 10:00, **aan almal** voorsien, in die vorm van 'n broodjie en Nesquik/tee/koeldrank.
- Middagetes sal volgens die voorskrifte van die gesondheidsdieetkundige wees. (Proteïene, stysel, groente en vrugte)
- Om 14:45 word 'n broodjie/koekies/vrug en tee/koeldrank gegee.

U is welkom om **SLEGS WATER** saam te stuur.

***BENODIGDHEDELYS***

Aan die begin van elke kwartaal ontvang u saam met die nuusbrief, 'n lysie van benodigdhede wat daagliks in die skool gebruik word, bv snesies, toiletpapier ens.

**Indien u u weg oopsien om die benodigdhede op die lysie te stuur, sal dit hoog op prys gestel word.**
**By voorbaat baie dankie!**

**KLEREDRAG:**

**VERPLIGTE VRYDAGDRAG en met SPESIALE GELEENTHEDE:**
**Maroen golfhempie met skoollogo op en swart broekie**
**(Te koop by "Die Lapa". (hempie, broekie, hoedjie)**
**Hempie ook verkrygbaar by Retief Uitrusters**

**Die swart broekie kan by enige klerewinkel van u keuse aangekoop word.**

**VERPLIGTE HOEDJIE:**
**Kakiehoedjie met bokspoortjies op. (Verkrygbaar by die Lapa)**
***Aangesien Suid-Afrika se persentasie velkankergevalle die hoogste ter wêreld is, het ons besluit om 'n skoolhoedjie deel van ons kleredrag te maak. Die skoolhoedjie bly by die skool. Moedig ook u kleuter tuis aan om 'n sonhoedjie te dra.***
***Smeer ook u kleuter soggens met 'n goeie blokkeermiddel teen gevaarlike sonstrale.***

**OPSIONEEL:**
**Die maroengolfhempie mag elke dag, vanaf Maandag tot Donderdag, met enige broekie daarby, gedra word.**

**Enige ander gemaklike kleertjies**, wat maar vuil mag word. Speel, verf, sand en modder is deel van die dag se "werk" en deftige klere weerhou die kleuter van deelname aan hierdie belangrike aktiwiteite.

- Kleuters word aangemoedig om selfstandig te wees en daarom moet ouers toesien dat kledingstukke maklik deur die kind self aan- en uitgetrek kan word.
- Help hul ook tuis om hul klere netjies op te vou.
- **KAALVOETE in die somer word verkies. Ons wil mooi vra dat u liewer tekkies/skoene met Velcro sal koop, sodat hul dit self kan aan- en uittrek.**
- U is welkom om sonroom, duidelik gemerk, skool toe te stuur. U kan ook die sonroom reeds tuis aansmeer.
- **Dogtertjies moet asb 'n spanbroekie ("ski-pant") of kortbroekie onder hul rokkies aantrek.**
- **Kleuters moet onderbroeke en broekies ("panties") onder hul klere dra.**
- Dis beter dat kleuters nie lyfbande aansit skool toe nie. Hulle kan dit nie self los- en vasmaak nie en gebruik dit soms om mekaar mee te slaan of te verwurg.

- **VERKIESLIK** geen "Spiderman" klere met vlerke, maskers of feetjievlerkies word toegelaat nie. Geen klere met negatiewe, afbrekende slagspreuke sal toegelaat word nie. Ons het fantasieklere vir buitespel.

**NASKOOL**: voorsien u kind asb van 'n kombersie vir rustye.

- Kombersies word huis toe gestuur om te laat was en moet weer Maandae terug wees by die skool. Ons maak nie voorsiening vir ekstra komberse by die skool nie. Maak seker u bring u kind se kombersie terug.
- Ouers dra die verantwoordelikheid om self u kind se tas na te gaan vir nat of vuil klere. Verlore klere hoop gou op. Aan die einde van elke kwartaal, word alle verlore klere aan minderbevoorregtes geskenk.

## KOEDOE-OORTJIE SAKKE

Kleuters ontvang ‘n lapsakkie vir die nuusbriefboeke, asook kunswerkies. Stuur asb **die volgende dag** die sakkie terug. Wees asb konsekwent hiermee.

## VERJAARSDAE

‘n Verjaarsdag is ‘n groot gebeurtenis in elke kind se lewe.
Alhoewel u onder geen verpligting staan nie, mag ouers wat wil, verversings skool toe stuur.
Die inhoud van die pakkies word beperk tot drie items. U mag wel koek stuur, verkieslik klein “cupcakes”. Roomys is ook welkom. Los eerder die ballonne en speelgoed vir die partytjie tuis.

**VERMY** asb kougom, “nickerballs”, harde lekkers, koeldrank, sherbet en ***lekkergoed wat moeilik oopmaak.*** Geen jellietjies in die klein verpakte vorms nie. Dit kan maklik in hul keeltjies afgly en asemnood tot gevolg hê. Reël asb vooraf met u kind se juffrou wat u beplan.

Die verjaardagkring word in die klas gehou. Die verjaardagmaatjie ontvang ‘n kroon, die maatjies sing en kersies word geblaas. Daarna is dit die partytjie. Dit duur +/- 20 minute.

## MEDIKASIE

- ‘n Medikasieboek word vir die doel in die kantoor gehou.
- **U as ouer** moet self die medikasie, wat u kind moet kry, in die medikasieboek aanteken.
- Medikasie sal onder toesig van ‘n onderwyseres en sekretaresse aan u kind toegedien word, en nie in die teenwoordigheid van ander kinders nie.
  Geen medikasie sal in tasse toegelaat word nie. **Vloeibare medikasie moet asb in ‘n spuit opgetrek wees en in ‘n gemerkte Zip-lock sakkie verseël wees.**
- Onthou om die medikasie smiddae huis toe te neem. Dis u verantwoordelikheid. ‘n Personeellid gaan nie vir u kom oopsluit indien u dit vergeet het nie.
- Die onderwyseres moet in kennis gestel word, van enige omstandighede, of medikasie wat tuis gegee word, wat die kind se gedrag mag beïnvloed.

***IMMUNISERINGSKAARTE*** moet op datum wees, met toelating tot die Preprimêre Skool.

**OUERBETROKKENHEID**

***Bywoning van oueraande en skoolaktiwiteite is verpligtend.***

***<u>Rapportbesprekings</u> is slegs vir ouers. Kleuters moet liefs by die huis gelaat word.***

- Ons ouers is vir ons baie belangrik en ons wil graag 'n goeie verhouding met u opbou. Ons is immers vennote wat as 'n span moet kan saamwerk, tot voordeel van u kind.
- Om dit te bewerkstellig, reël ons onder andere vroeg in die jaar ons **"ken-mekaar-aand"**
- Die tweede kwartaal word daar ook lekker saam gekuier, tydens 'n sosiale aand
- Gedurende die derde kwartaal hou ons 'n konsert
- 'n **Afsluitingsfunksie** in die vorm van 'n kersboompartytjie word aan die einde van die vierde kwartaal gehou. Daar word ook tydens die geleentheid van ons seniorkleuters, wat na Graad R oorgaan, afskeid geneem. Hul ontvang 'n medalje en sertifikaat.
- Ons sluit die jaar af met 'n Kerssangdiens. Almal is welkom om dit by te woon. Dit vind plaas vanuit die Hervormde Kerk, oorkant die skool.
- Ons besoek ook die Bejaardes en bederf hul met eetgoed. Daar word ook vir hulle gesing.
- Om kommunikasie te vergemaklik, word Whatsapp groupies gestig vir elke klas. Omsendbriew word gereeld uitgestuur.
- Maak asb seker dat u **kontaknommers korrek** aangedui word op die aansoekvorm in geval van verandering van nommers, verskaf asb dadelik die nuwe nommer aan die kantoor EN aan u kind se juffrou. DIS IN U KIND SE BELANG.

- **Ouerdae/aande**: Aan die einde van die eerste kwartaal, einde Junie asook aan die einde van die jaar, word u kind se rapport met u bespreek.
  U kind ontvang ook 'n vorderingsverslag aan die einde van Junie en aan die einde van die jaar. U kry dan die geleentheid om die verslag met u kind se juffrou te bespreek.

***NEEM ASSEBLIEF KENNIS:***

LAERSKOOL MIDDELBURG het 'n MASLOW FONDS, asook 'n TINKERBELL Projek.
Daar is 'n groot behoefte aan fondse vir bogenoemde. Enige finansiële of ander bydrae sal verwelkom en opreg waardeer word.
MASLOW FONDS word aangewend vir die beskikbaarstel van terapeutiese dienste, aan leerlinge wat terapie benodig, maar nie die fondse het nie.

**Kontakpersoon MASLOW FONDS: me Suzette Gidlow**
**Vir aandag:**
middies@laerskoolmiddelburg.co.za
**013 282 5298**

TINKERBELL projek word aangewend vir die voedselskema aan behoeftige leerlinge, asook troetelpakkies vir tienermeisies.
**Kontakpersoon TINKERBELL: me Suzette Gidlow**
**Vir aandag:**
middies@laerskoolmiddelburg.co.za
**013 282 5298**

## PROBLEME EN PERSOONLIKE AFSPRAKE

- Ouers is hartlik welkom om enige probleme met ons te kom bespreek.
- 'n Persoonlike onderhoud, met u kind se juffrou, kan vooraf gereël word, om te verseker dat u ongestoord kan gesels.
- Skakel gerus die kantoor in geval van enige ander probleme. Ons sal help waar ons kan.

## VORDERINGSVERSLAE

U kind ontvang 'n aanpassingsverslag aan die einde van die eerste kwartaal, asook vorderingsverslae Junie en Desember.

## JAARPROGRAM

'n Kalender met al die belangrike datums en funksies, asook buite-aktiwiteite wat aangebied word, sal aan u deurgegee word.

## OMSENDBRIEWE

Omsendbriewe wordper e-pos uitgestuur of uitgedeel.Ander belangrike inligting word in 'n platiek lêer soos nodig, aan u gestuur word. Dis belangrik dat u die inhoudsopgawe, voor in die lêer by die aangeduide plek teken, as bewys dat u die inligting ontvang en gelees het. Inligting mag uit die leer verwyder word.
Lêers moet asb binne 2 dae terug gestuur word skool toe.

## TEMAS

Temas word Maandae aan die kleuters bekendgestel.
Indien u enige idees, voorbeelde of inligting m.b.t. die tema het, sal bydraes waardeer word.
Kleuters kan ook items, wat verband hou met die tema, saam bring skool toe. MERK asb alle items duidelik met u kind se naam op, sodat ons dit kan terugstuur.

## INSTAPPIES

Geen uitstappies word deur die skool onderneem nie.
Daar word wel instappies gereël. Opvoedkundige instansies (bv FANSA) kom besoek ons vier maal per jaar by die skool. Dis baie leersaam en ons kindertjies geniet dit elke keer vreeslik baie. Die skool betaal die toegangsgelde

## ROMMEL (sien nuusbriewe vir tekorte)

In 'n poging om kostes laag te hou, word daar van afvalmateriaal gebruik gemaak vir skeppende aktiwiteite.
Afvalmateriaal wat benodig word, sal gereeld aan u deurgegee word in nuusbriewe.
U hulp in hierdie verband sal baie waardeer word.